Diversiteit en diskresie kenmerk nou die NG Kerk

Nelis Jansen van Rensburg

Tydens die Algemene Sinode van 2007 het die verskuiwing van debat na dialoog in kerklike vergaderings verdere betekenis gekry.

Debatvoering in vergaderings veronderstel 'n opstelling van standpunte téénoor mekaar, met 'n meerderheidsbeslissing aan die einde. Die gehalte van luister na mekaar in hierdie debatte oor die jare was egter nie goed nie.

Die vermoede is ook dat die mate van oorreding wat in sulke debatte plaasvind klein is. Sulke debatte en besluite ontknoop selde die problematiek wat tot die debat aanleiding gegee het. Die mag van die meerderheid werk gewoonlik op 'n dwingende wyse, en versterk meesal net die ongemak van die "verloorders" in die stryd.

Dialogiese benadering tot kerkwees

In 'n dialogiese proses, daarenteen, word veronderstel dat gesprek gevoer word met die oog daarop om eerlik na mekaar te luister. Só ontwikkel begrip vir ander se standpunte en menings. Die gespreksdeelnemers neem die verskillende kontekste van die ander deelnemers in ag.

In die Seisoen van Luister het ons geleer dat daar onder andere vier waardes is wat in gesprekke moet funksioneer, voordat daarop aanspraak gemaak kan word dat eg geluister is: leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid.

Alles dui daarop dat 'n dialogiese benadering beter met ons gereformeerde verstaan van die kerk te rym is. Gereformeerdes verstaan dat die kerk 'n hermeneutiese gemeenskap is. Dit beteken dat ons glo dat die Bybel slegs in die ryke en volle gemeenskap van die één katolieke kerk gelees behoort te word – binne die wonderbare en komplekse *koinonia* waarvan die Nuwe Testament praat.

Uiteenlopende ervarings en lewenskontekste help ons om mekaar te verryk en onderling te kritiseer, ter wille van beter begrip van die teks en die saak voor hande (*Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan.* Dirkie Smit. 2006, Lux Verbi.BM: Wellington, p108). Deelhebbers aan die kerkverband moet mekaar vertrou dat die Here juis die ander lede van die verband aan hulle gegee het met die oog op 'n beter verstaan van sy wil.

Om meerdere vergaderings as regulerende, reëlmakende en heersende entiteite te verstaan, strook nie noodwendig met 'n gereformeerde kerkbegrip nie.

Meerdere vergaderings gee uitdrukking aan die verband wat daar tussen kerke is. Dié verband bestaan uit ooreenkomste wat tussen die kerke bereik is. Hierdie ooreenkomste word in belydenisskrifte en kerkordes verwoord, en ook in die besluite van die meerdere vergaderings. Die bedoeling is nie dat die verband aan die konstituerende kerke voorskryf wat geglo of gedoen moet word nie. Dit is eerder so dat besluite wat geneem word, op die ooreenkomste tussen die kerke berus. Dié ooreenkomste wat die verband konstitueer, is sake soos wat ons van God glo, van verlossing, die kerk, sakramente en van die lewe voor God.

Die leiding van die Gees en die Woord word telkens gesoek deur binne die verband deeglik na mekaar te luister. Dialogiese luister neem egter niks weg van die intensiteit van verskille nie.

Ooreenkoms om diversiteit te akkommodeer

Die dialogiese benadering van 2007 se Algemene Sinode het juis tot 'n besluit gelei waaroor die verteenwoordigers van die samestellende kerke

grootliks kon saamstem.

Alhoewel die bydraes van die sprekers oor homoseksualiteit van hoogstaande kwaliteit was en van grondige navorsing en deurdagtheid getuig het, het die debat steeds beweeg na 'n punt waar twee teenoorstaande standpunte vir 'n meerderheidsbeslissing opgestel was.

Sinodegangers se gesprek die aand vóór die onderwerp van homoseksualiteit aan die orde gekom het, het egter 'n groot rol gespeel. Tóé is reeds ooreengekom oor die waardes wat tydens dié moeilike en intense debat sou geld. Die gewilligheid tot dialoog het toe reeds geblyk. Tydens die voorafgesprek is die koste van 'n stereotiperende en kwetsende debat verreken, en besluit dat die gelowiges op die sinode nie bereid was om die integriteit van hulle leerbaarheid, deernis, vertroue en openheid te kompromitteer nie.

Dié dialogiese benadering het uiteindelik aanleiding gegee tot 'n bereidheid om die diversiteit van standpunte in die kerk as 'n werklikheid te aanvaar en in 'n besluit te akkommodeer. Die ordevoorstel tydens die debat oor homoseksualiteit dat dié kwessie na 'n kommissie verwys moet word, het onder meer gelui: "Die Algemene Sinode wys 'n kommissie aan (die 10 moderators van die sinodes) om alle voorstelle wat tans in die vergadering ter tafel is, te bestudeer met die oog op die versoening van idees en die bestuur van diversiteit."

Die bestuur van diversiteit beteken dat diegene wat in 'n debat teenoor mekaar staan, mekaar se erns hoor; dat hulle respek en deernis vir mekaar het; en dat hulle oop genoeg vir mekaar is om te weet dat hulle aan die persone met teenoorstaande standpunte ruimte wil laat om hulle mening te huldig, selfs al was dit moontlik om by wyse van 'n meerderheidstem hulle sin te kry.

By dié sinode was dit ook so: Oor die punte waaroor daar verskille was, is besluit om die diversiteit wat in die kerk bestaan, as 'n gegewe te aanvaar. Oor homoseksualiteit het ons immers al lank met mekaar gepraat, en kon mekaar nie oortuig nie.

Ruimte vir diskresie

Die kerk het met hierdie besluit 'n monumentale tree gegee weg van die regulering van die totale lewe en die vestiging van homogeniteit. In plaas van regulering het die kerk ruimte gelaat vir die akkommodering van verskillende standpunte – soos onder andere om in die toepassing van die besluit oor homoseksualiteit diskresie aan kerkrade te gee.

Kerkrade se reg om só oor sake te besluit, word natuurlik nie in die eerste plek deur die Algemene Sinode of enige ander meerdere vergadering aan hulle verleen nie. Kerkrade het in elk geval hierdie reg. Met ander kerke (lees sinodes) kom hulle weliswaar ooreen om sekere funksies by die meerdere vergaderings te laat setel.

Gevolglik is die diversiteit in denke van lidmaat tot lidmaat, van gemeente tot gemeente en van sinode tot sinode 'n werklikheid. Ons leef immers in 'n komplekse wêreld waarin mense die werklikheid van God en die wêreld verskillend beleef en interpreteer.

Die Algemene Sinode se besluit oor homoseksualiteit verwoord die punte van ooreenstemming wat wél bestaan. Dit laat egter ook ruimte vir gemeentes om dit waaroor hulle moet besluit, met diskresie verskillend van mekaar te hanteer. Daarom gaan gemeentes heel moontlik verskillende besluite oor homoseksualiteit neem. Gemeentes is immers toegerus om self onderskeiding aan die dag te lê.

In sommige gemeentes gaan homoseksuele mense in vaste verhoudings op kerkrade verkies word, en in ander nie. Dit is die presiese bedoeling van die besluit van die sinode. Diversiteit word erken en omarm. Soos gemeentelike eredienste verskil, gaan gemeentes ook oor etiese kwessies van mekaar verskil.

Die nuwe handboek vir die erediens maak juis voorsiening vir 'n verskeidenheid liturgieë. Hiermee word die verband versterk eerder as verswak. Die duisende sake waaroor ons spontaan saamstem, bind ons só stewig aan mekaar, dat dit onnodig is om mekaar met dwang aan sake te bind waaroor ons verskil, sake waarvoor die verskillende kontekste waarin ons leef ruimte vir eiesoortigheid vra.

Hierdie benadering skep nuwe opwindende moontlikhede ten aansien van die eenheid van die kerk. Eenheid beteken dus nie noodwendig homogeniteit nie, maar berus op ooreenkomste van fundamentele aard, met ruimte vir verskeidenheid.

● ***Nelis Jansen van Rensburg*** *is een van die predikante van die NG Gemeente Welgemoed in die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland. Hy is die voorsitter van die Taakspan vir die Seisoen van Luister.*